

8 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 78:1-8

Fokusgedeelte: Psalm 78:7

So sal geslag na geslag die Here vertrou en dien

Psalm 78 is 'n lang, pragtige leergedig van Asaf. Waaroor gaan dit? Oor twee dinge. Een: Die noodsaak om jou kerkgeskiedenis te ken. Twee: Om die Here in jou eie tyd met sy eise te vertrou.

Die geskiedenis ontbloot die verlede. Dis altyd so. Wat sien ons? Voorop staan God se trou en almag. Met kerngebeure uit Israel se geskiedenis word dit geïllustreer. Hy verwys na die wet, verbond, telkense verlossinge. Hieruit leer die huidige geslag om hulle Here te vertrou. Hy is altyd naby ons om te lei en te red. Hy is die getroue en barmhartige. Hy is ons groot Vader en Opperherder.

Ons tyd het sy talle donker wolke, bedreiginge, oorloë, geweld, verkragtings, onreg en onsekerhede. Dit sal altyd daar wees. Ons moet soos die kerk van gister uit, deur en tot God bestaan en leef. Daar is nie 'n ander pad nie. Laat ons elkeen sterk wees in God, deur die Gees.

Die ander kant van die geskiedenis is die verhale van mislukking, straf, tug en dood omdat God nie vertrou en gehoorsaam was nie. Hiervan vertel Asaf ook. Ons moet waak om vandag te midde van al die pyn, teleurstelling, wanhoop, nie bitter en opstandig te word nie. Bly getrou aan jou Here en doen wat goed en reg is. Ons Here sal jou ook wonderbaarlik laat leef en dien.

Onthou hoe God met ons voorvaders was.

Sing: Psalm 107:10 en 21 (1936-beryming)

Dr NP Heystek (Emeritus)